

KNELPUNTE IN FINANSIERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BOER EN VOORSTELLE VIR MOONTLIKE OPLOSSINGS

DR A LOUW, Volkskas

Inleiding

Die knellende finansiële posisie van die boer in die RSA het die afgelope jare besondere aandag gekry en onder meer uitgeloop op die ondersoek van die Ekonomiese Adviesraad van die Staatspresident na die Heropbou van die Landbou. In hierdie referaat word daar aandag gegee aan die volgende:

- Die huidige finansiële posisie van die boer.
- Die vermindering van die boerdery-eenhede in die RSA.
- Boerderybestuur op plaasvlak.
- Hulp en heropboumaatreëls in die landbou.
- Voorstelle vir moontlike oplossings op plaasvlak.

Die doel is om groter mate van perspektief te gee ten opsigte van die problematiek van die landboubedryf, die herstellpotensiaal van die landbou te bespreek en moontlike oplossing vir die knelpunte op plaasvlak voor te stel.

Knelpunte wat verband hou met die finansiële/ekonomiese posisie van die boer

Die algemene finansiële posisie van die landbou word tans gekenmerk deur

- 'n hoë inflasiekoers sedert 1975, met 'n gevolglik ernstige kosteknyptangeffek op die landbou;
- krimpemde winsmarges (netto boerdery-inkomste) in reële en absolute terme, en gevolglik 'n besonder lae rentabiliteit. Dit het tot groter afhanklikheid van eksterne finansiering aanleiding gegee;
- 'n skuldflas van ongeveer R12 800 miljoen, met 'n groter wordende korttermyn- en agterstalligheids-komponent;
- opeenvolgende ernstige droogte- en natuurtoestande sedert 1982;
- 'n styging in rentekoerspatrone, wat die skuldflas-posisie van die boer verder vererger het.

Inflasie in die landbou

Die landbousektor het die probleme van inflasie geensins die afgelope dekade vrygespring nie. Die negatiewe gevolge van inflasie op 'n strategiese belangrike bedryf

soos die landbou in die RSA, kan egter nouliks oorbelklemtoon word.

Die verhoudelike ongunstige verloop tussen inset- en uitsetpryse met 'n gevaardgaande krimpemde winsmarge, het aanleiding gegee tot 'n toenemende afhanklikheid van eksterne finansiering en gevolglik groter wordende totale landbouuskuld.

Die ruilvoet dui in watter mate produkpryse in die landbou tred hou met die pryse van boerderybenodigdhede. Dit word in Figuur 1 aangedui.




FIG 1. Ruilvoet in die landbou 1975-1986 (1975 = 100).

Daaruit blyk dit duidelik dat die landbouprodusent in 'n toenemend ongunstiger posisie beland, aangesien die toename in die prys van sy produk nie kon tred hou met die toename in die prys van sy insette nie. Die tuinbouprodusent verkeer in die swakste posisie wat die prys van sy produk teenoor insette aanbetref, maar terselfdertyd is hy egter ook in die posisie dat relatief gunstige wisselkoerse hom bevoordeel.

Die akkerbouprodusent verkeer in 'n relatief gunstiger posisie, hoewel dit ook 'n negatiewe ruilvoet is. Wêreldwye graansurplusse het druk op graanpryse geplaas, met die gevolg dat Suid-Afrika se graanprodukpryse nie mededingend is met die buiteland nie. Indien ooste groter as plaaslike verbruik sou realiseer, sal produkte teen 'n verlies uitgevoer moet word, ten spyte van 'n gunstige wisselkoers.

Die verloop van enkele prysindekse word in Tabel 1 gegee. Gegewe die situasie dat die wisselkoers se effek reeds deurwerk (dit wil sê ingevoerde inflasie), is daar rede tot kommer. Dit blyk dat die boer sedert 1975 in 'n kosteknyptangsituasie was met die pryse van boerderybenodigdhede wat vinniger as produkpryse toegeneem het. Verder het die indeks vir boerderybenodigdhede in 1986 met 18,4 persent toegeneem teenoor 9,9 persent in

TABEL 1. Prysindexe van boerderybenodigdhede, produsentepryse en verbruikerspryse (1975 tot 1986)

Jaar	Boerdery- benodigdhede (1)	Produsentepryse (2)	Ruilvoet (2) ÷ (1) (3)	Verbruikerspryse
1975	100	100	100	100
1980	207,4	179,3	0,86	176,7
1981	230,3	201,1	0,87	203,5
1982	270,5	225,8	0,83	233,5
1983	308,3	255,0	0,83	262,2
1984	330,2	284,5	0,86	292,8
1985	392,9	310,4	0,79	340,3
1986	465,2	341,1	0,73	403,7
Gemiddelde % 1975 tot 1986	15,0	10,9	-2,8	13,5
Gemiddelde % 1981 tot 1986	15,1	9,1	-3,5	14,7

Bron: Kortbegrip van Landboustatistiek, 1987.

produksiepryse en 'n algemene inflasiekoers van 18,6 persent. Hierdie tipe inflasiedruk plaas die landbou-
ekonomie, inaggenome die risiko's en relatief hoë rente-
koerse waaraan die landbou onderworpe is, onder groot
druk.

Dit blyk dat laer boerderywingsgewendheid en likiditeits-
druk vanweë die hoë vlak van inflasie, die oorlaatskuld,
relatief hoë rentekoerse en die vervanging van verslete
mediumtermynbates teen 'n hoë koste, deel van die
boer se besigheidsomgewing sal bly. Die lae winge-
wendheid beperk onder meer nuwe toetreders tot die
landbou. Dit het minder voltydse boere tot gevolg en
beperk boere se herstelvermoë ná droogtes.

Gegewe die risiko's waaraan die landbou onderworpe
is, dwing die hoë vlak waarteen inflasie in die landbou
voorkom, hierdie bedryf om hom al hoe meer na die
owerheid te wend vir hulp ten spyte van sy prestasies
tot dusver. Dit is 'n onwenslike situasie. Verder kan hier-
die probleem nie doeltreffend deur produkprysver-
hogings opgelos word nie. Daarom sal insetprys-
stygings ook aandag moet geniet.

Rentesubsidies het renteverligting aan boere gebring,
maar dit het nie gehelp om die primêre oorsaak, naamlik
inflasie, te demp nie.

Skuldslasposisie van die landbou

Die skuldslasposisie van die boere het (soos uit Tabel 2
blyk) die afgelope jare versleg. Die relatief hoë rente-
koersvlakke, inflasie en gevolglik laer terugbetalingsver-
moë, benadeel boere se vermoë om skuld wingsgewend
te kan aanwend.

Die skuldslasverhouding in die boerderysektor het gelei-
delik verswak vanaf 11,8 persent in 1975 tot 28,7 per-
sent in 1986. Volgens 'n studie deur die Suid-Afrikaanse
Landbou-Unie, moet 'n skuldslas van hoër as 30 persent
in die lig van die heersende hoë rentekoerse as kritiek

beskou word. Dit blyk dat 22,4 persent van Suid-Afrika
se boere in 1983 'n hoër skuldslasverhouding as die af-
snypunt van 30 persent gehad het en dat 33,5 persent
van alle boere in 1984 dié kerf oorskry het. Verder het
die korttermynkomponent van die skuldslas aansienlik
toegeneem vanaf 28,5 persent in 1970 tot byna 55 per-
sent in 1986. Die waarde van boerderybates het gemid-
deld met 9,2 persent per jaar toegeneem in die periode
1975 tot 1986 (5,3 persent in 1980 tot 1986), terwyl die
skuldslas met 18,4 persent per jaar gedurende die oor-
eenstemmende tydperk gestyg het (21,2 persent per
jaar in 1980 tot 1986). Die korttermyn gedeelte van die
skuld het in die periode 1980 tot 1986 met 26,2 persent
per jaar gestyg, teenoor 23,3 persent per jaar in 1975 tot
1986. Dit is verder ook opvallend dat 'n groot gedeelte
van die korttermynskuld 'n harde kern vorm wat nie
maklik op kort termyn terugbetaal kan word nie. 'n Ge-
deelte van die korttermynskuld het dus 'n langtermyn-
karakter gekry.

Benewens die afname in oesvolumes en die onoordeel-
kundige belegging in depresiërende bates ten einde
hoër belasting te vermy, het negatiewe reële rente-
koerse ook tot 'n toename in skuld bygedra.

Aangesien die droogte die geleidelik verswakkende
finansiële posisie vererger het, het die meeste pro-
dusente tans min eie reserwefondse beskikbaar, met die
gevolg dat produksie in toenemende mate uit geleende
fondse teen relatief hoë rentekoerse gefinansier moes
word.

Die oorlaatskuldskema het boere se onmiddellike kort-
termyndruk verlig. Die skuldslas van boere kan egter nie
deur addisionele lenings betaal word nie, maar moet uit
verdiensies en kontant verminder word. Hoe laer die
wingsgewendheid en kontantvloei van die boer (onder
meer as gevolg van die hoë vlak van inflasie) hoe kleiner
word sy vermoë om sy skuldslas vinnig te delg en hoe
moeiliker is dit om reserwes op te bou, droogtes te
oorleef en finansiëel gesond te bly.

TABEL 2. Boerderybates, totale skuld en korttermynskuld van boere 1970 tot 1985

Jaar	Boerderybates (1)	Totale skuld (2)	Korttermynskuld (3)	Skuld- verhouding (2) as % van (1)	Korttermynskuld as % van totale skuld (%) (3) as % van (2)
	R miljoen			%	
1970	9201,9	1384,2	395,2	15,0	28,5
1975	16974,3	2003,6	701,9	11,8	34,7
1980	29310,8	3838,6	1668,4	13,1	43,5
1981	34334,2	4838,7	2184,3	14,1	45,1
1983	39059,4	7408,9	4034,0	19,0	54,4
1984	41091,0	9495,3	5202,5	23,2	54,8
1985	43045,0	11117,6	6069,3	25,8	54,4
1986	44536,1	12800,0*	7000,0*	28,7	54,7
Persentasiegroei per jaar					
1975 tot 1986	9,2	1814	23,3	8,4	4,2
1981 tot 1986	5,3	21,2	26,2	15,3	3,9

Bron: Kortbegrip van Landboustatistiek, 1987

* Ramings.

Rentekoste

Die effek van die ruilvoet, inflasie en droogte het deurgewerk in 'n hoër skuld as met gepaardgaande rentebetalinge. Rente bly deurgaans betaalbaar en is in 'n groot mate gekapitaliseer. Rentebetalinge kan as die grootste enkele kostefaktor in die landbou gesien word.

Rentekoste het sedert 1981 (tot 1986) met 26,1 persent per jaar gestyg (Tabel 3). Hierteenoor het die boer se bruto boerdery-inkomste net met 9,8 persent toegeneem en sy boerderywins slegs met 0,7 persent. Daar was dus slegs 'n marginale styging in boerderywins ('n

reële daling van 48 persent sedert 1981) en in die tye van hoë inflasie en droogtes het dit noodwendig 'n ernstige uitwerking op die boer se kontantvloei en oorlewingsvermoë gehad. Veral die somersaaistreke is ernstig getref.

In Tabel 4 kan die relatiewe winsgewendheid op totale kapitaal en eie kapitaal in kolomme (6) en (7) waargeneem word. Daarvolgens beweeg die landbou, met die uitsondering van 1980, op 'n negatiewe finansiële hefboom wat noodwendig verdere kontantvloei-implikasies het.

TABEL 3. Bruto boerdery-inkomste (BBI), netto boerdery-inkomste (NBI) en rentekoste (1975 tot 1986)

Jaar	BBI (1)	NBI (2)	Boerderywins (3)	Rente (4)	(2) as % van (1)	(4) as % van (1)
	R miljoen				%	
1975	2 833,2	1 469,0	1 335,2	133,8	51,8	4,7
1980	5 882,1	2 782,3	2 459,0	323,3	47,3	5,5
1981	7 103,2	3 401,4	2 856,6	544,8	47,9	7,7
1983	7 120,4	1 987,9	913,5	1 074,4	27,9	15,1
1984	8 528,9	3 025,3	1 668,9	1 356,4	35,5	15,9
1985	9 654,0	3 489,1	1 791,1	1 698,0	36,1	17,6
1986*	11 307,9	4 697,5	2 957,5	1 740,0	41,5	15,4
Persentasiegroei per jaar						
1975 tot 1986	13,4	11,2	7,5	26,3	- 13,7	11,4
1981 tot 1986	9,8	7,0	0,7	26,1	- 16,7	14,8

Bron: Direkoraat Landbou-ekonomiese Tendense (ongepubliseerde statistiek).

NBI: BBI minus produksiekoste (uitgesluit rente).

BW: NBI minus rente.

* Voorlopige ramings.

TABEL 4. Rentabiliteit op eie en totale kapitaal in die landbou (1975 tot 1986)

Jaar	Boerderybates (1)	Totale skuld (2)	Eie kapitaal (3) = (1) - (2)	NBI (4)	Boerderywins (5)	Rentabiliteit op totale kapitaal ((4) ÷ (1))x100	Rentabiliteit op eie kapitaal ((5) ÷ (3))x100
	R miljoen				%		
1975	16 974,3	2 003,6	14 970,7	1 469,0	1 335,2	8,65	8,92
1980	29 310,8	2 838,6	25 472,2	2 782,3	2 459,0	9,49	9,65
1981	34 334,2	4 838,7	29 495,5	3 401,4	2 856,6	9,91	9,68
1983	39 059,4	7 408,9	31 650,5	1 987,9	913,5	5,09	2,89
1984	41 091,0	9 495,3	31 595,7	3 210,5	1 854,1	7,81	5,87
1985	43 045,0	11 117,6	31 927,4	3 489,1	1 791,1	8,11	5,61
1986	44 536,1	12 800,0	31 736,1	4 757,5	2 957,5	10,68	9,32

Die styging in netto boerdery-inkomste gaan dikwels die toename in totale laste vooraf. Die toename in totale laste duur egter voort nadat die boerderywins reeds weer gedaal het.

Die vermindering van boerdery-eenhede

Die getal boerdery-eenhede het afgeneem vanaf 116 848 in 1950 tot 64 400 in 1985; 'n vermindering van 44,9 persent (Sentrale Statistiekdiens, 1986). Die swak en onstabiele finansiële posisie van die landbouer die afgelope paar jaar, het tot gevolg dat daar groter druk op boere is om hul grond te verlaat. Hierdie oproep tot groter likwidasië en dat die ekonomie in die platteland sy normale loop, moet gesien word teen die agtergrond:

- van die sosio-ekonomiese en -politiese implikasies van 'n grootskaalse ontvolking van die platteland;
- dat grondwaardes 'n belangrike deel van die sekuriteit in kredietverlening vorm en dat 'n grootskaalse uitbewing van produsente grondpryse nadelig sal tref en die kredietwaardigheid van medeboere wat oor 'n redelike kredietvermoë beskik, in gedrang sal bring;
- van die feit dat 'n grootskaalse afverkoop van grond of likwidasië van boere 'n ernstige rimpeleffek op finansiële instellings (in die owerheids- sowel as privaatsektor) sal hê, omdat die daling in grondwaardes en gevolglik hul sekuriteit, in gedrang sal kom (hierdie tipe strukturele veranderinge behoort geleidelik plaas te vind);
- dat die lewensvatbaarheid van die plattelandse infrastruktuur nadelig geraak sal word;
- van werkloosheid op die platteland en die gepaardgaande toestroming na stede;
- dat as 'n boer sy plaas eers verlaat het, hy nie maklik daarheen terugkeer nie en dat dit in groot mate die geslotenheid van die beroep sal bevorder;

- dat hoewel daar voortdurend 'n siftingsproses vir boere plaasvind, dié proses deur die abnormale omstandighede van die afgelope paar jaar aangehelp word;
- dat die skewe verdeling van inkomste verder sal vergroot. Die medium-grootte boer sal geleidelik uit die landbou verdwyn en die klein boer sal hom wend tot nie-boerdery-inkomstebronne.

Boerderybestuur op plaasvlak

Sekere tekortkominge op die gebied van boerderybestuur op plaasvlak het met verloop van tyd na vore getree. Hierdie tekortkominge is (Louw 1986) (b)):

- 'n Gebrek aan vaardigheid met betrekking tot beplanning, produksie, finansiering en administrasie in verhouding tot die omvang van die boerdery-onderneming en die eise wat in die toekoms gestel sal word.
- 'n Toenemende afhanklikheid (en kwesbaarheid) van eksterne faktore en 'n gepaardgaande gebrek aan beplanning, beheer, en vermoë om finansiël minder afhanklik te raak.
- 'n Gebrek aan realistiese doelwitte en gepaardgaande langtermynbeplanning. Die doelwit oriëntasie van boere kan 'n aansienlike uitwerking op hul ondernemingsgroei en -oorlewing hê.
- 'n Gebrek aan besigheidsondervinding. Boere beskik selde oor die vereiste besigheidsopleiding, -hulpmiddels en -ervaring, ten spyte van 'n groterwordende besef dat boerdery nie meer 'n lewenswyse is nie, maar 'n besigheid.
- 'n Gebrek aan 'n vinnige aanpassingsvermoë op plaasvlak ten opsigte van veranderinge in produksiekoste en inkomste, onder meer as gevolg van die feit dat daar verwag word dat produkpryse by produksiekoste sal aanpas. Alhoewel veranderinge en

risiko's in dié omgewing inherēt is aan die landbou, kan die boer sy bedryfstakke, produksiestelsels en -beplanning dienooreenkomstig aanpas.

- 'n Onwilligheid om by die veranderde omgewing aan te pas, of om professionele advies te volg vir die oplossing van finansiële probleme.
- Groter finansiële risiko's as gevolg van hoë vaste koste in 'n industrie wat aan talryke besigheidsrisiko's onderworpe is.
- 'n Gebrek aan akkurate en betekenisvolle finansiële bestuursinligting oor sy eie onderneming. Die gehalte van besluitneming en beplanning ly gevolglik skade. Daarbenewens moes banke tradisioneel op grond van relatief gebrekkige inligting krediet verskaf.
- 'n Onvermoë om skuld te kan terugbetaal. 'n Boer moet sy skuld kan vereffen, persoonlike uitgawes aangegaan en uitbreidings finansier vanuit verdienste in sy onderneming. Tot dusver het produsente min aandag geskenk aan die bedryfsprestasie van hul onderneming en die meting van hul inkomme. Beskikbare gegewens se geloofwaardigheid en bruikbaarheid is verdag. 'n Gesofistikeerder finansiële rapporteringstelsel is dus in werklikheid nodig.
- 'n Finansiële kwesbare situasie. Boere het hul finansiële kwesbaarheid verhoog met hoë kapitaalbelegging deur oormatige gebruik en afhanklikheid van krediet (met hoë rentekoerse). Dit het ook die aandag van die publiek op boere toegespits.
- 'n Ongesonde afhanklikheid van staatshulp in die geval van krisis, terwyl geen eie reserwes opgebou is nie. Hierdie is 'n ontstellende kenmerk.

Herstelpotensiaal van boere

Dit is in beginsel noodsaaklik om te differensieer tussen *verskillende tipes boere* (likied en solvent; illikied en insolvent; grensboere, jong boere), asook tussen *verskillende streke* as die herstelpotensiaal van boere bepaal wil word. Daarvolgens behoort die herstelpotensiaal van die verskillende kategorieë volgens voorafopgestelde kriteria/norme bepaal te word.

'n Intensiewe ontleding van elke individuele boer is nodig om die herstelpotensiaal van boere te bepaal. Elke boer se situasie is uniek. Vir elke boer sal 'n verskillende oorlewingstrategie lewensvatbaar wees. Daarom behoort die lewensvatbaarheid van elke individuele strategie onder verskillende omstandighede ('what-if analysis') getoets te word.

Die herstelpotensiaal van boere sal verder ook grootliks bepaal word deur faktore soos die onderskeie hulpmaatreëls wat die owerheid daarstel, in watter mate inflasie onder beheer gebring kan word, gunstige klimaatsomstandighede, produkpryse (bemarkingsreëlings), sowel as gunstiger rentekoersvlakke.

Hulp- en heropboumaatreëls vir die landbou

Hulp- en heropboumaatreëls kan egter nie in isolasie van mekaar gesien word nie, maar moet deel vorm van 'n heropbouprogram of -strategie in die landbou. Geen kitsoplossings bestaan vir die landbou se diepliggende knelpunte nie.

Daar moet 'n onderskeid getref word tussen *hulpmaatreëls* wat op kort termyn nodig is, en die wat op medium en lang termyn betrekking het, ten einde sinvol te bepaal wat nodig is vir ekonomiese herstel van die landbou.

Moontlike korttermynmaatreëls

Voorstelle wat kort termyn betrekking het, het ten doel om die onmiddellike las en probleme gedeeltelik te verlig.

- Omvattende subsidies: Hulpmaatreëls wat op *rentekoerssubsidies* gegrond is, is hoofsaaklik korttermyn van aard en dit bring rentelasverligting mee vir die boer. Kommer ontstaan oor die effektiwiteit van bestaande maatreëls en of dit die werklike probleme aanspreek, want in die huidige situasie word die kapitaalgedeelte van 'n boer se skuld nie geadresseer nie. Subsidies is bloot 'n maatreël wat die dag van afrekening uitstel. Bestaande subsidiehulpmaatreëls moet egter ook beoordeel word in die lig van die owerheid se finansiële hulpbronne en prioriteite.
- Koördinasie tussen kredietverskaffers behoort in groter mate bewerkstellig te word.
- Finansieringshulp aan boere behoort aan landboukundige voorskrifte of -voorwaardes onderhewig gemaak te word. Sekere riglyne in finansiële dissipline en beplanning behoort ook daargestel te word.
- Aangesien banke op direkte en indirekte wyse sowat 70 persent van al die landboufinansiering verskaf, en bestaande maatreëls hulle dus baie nou raak, is hul verteenwoordiging op die Jacobs-komitee, veral vanuit 'n koördineringsoogpunt, noodsaaklik.
- Alhoewel aangewese gebiede tans vir addisionele hulp kwalifiseer, kan daar vanweë veiligheidsoorwegings oorweeg word om in verdienstelike gevalle 'n sekere gedeelte van die boer se skuld af te skryf, op voorwaarde dat aangepaste boerderypraktyke gevolg word.
- Verdere bedrae behoort deur die KSOK aan kleinsake op die platteland beskikbaar gestel te word.
- Die Landbank behoort in groter mate in staat gestel te word om groter bedrae skuld in langtermynlenings (twee-plus-twintig-jaar-skema) te konsolideer.

- Die nuwe mieliepryskema, wat volgens 'n glykskaal geld, sal waarskynlik vanuit 'n makro-oogpunt die gewenste uitwerking hê. Mielieboere wat tans egter ernstige finansiële knelpunte ondervind, sal besonder negatief geraak word en dit sal hulle kans op moontlike herstel verder knou. 'n *Vlakker glykskaal* sou die impak van die nuwe skema verlig. Na gelang die mieliebedryf herstel, kan hierdie glykskaal steiler word. Bestaande maatreëls blyk egter te drasities te wees op kort termyn.

Moontlike langtermynmaatreëls

'n Nasionale Finansieringstrategie

'n Nasionale finansieringstrategie waarvolgens die totale finansieringsmeganisme in die landbou ondersoek en geïmplementeer word, het noodsaaklik geword. Aspekte wat aandag kan kry is:

- 'n vars benadering ten opsigte van landboufinansiering en waarvolgens bestaande finansieringswetgewing vir die landbou daargestel sal word;
- hersiening van die bestaande pandreg wat koöperasies 'n voorkeurreg op boere se inkomste gee;
- om oorweging te gee in die moontlike samesmelting van die Landboukredietraad en die Landbank om groter mate van rasionalisasie en koördinasie te verkry;
- om inligting vir beleids- en navorsingsdoeleindes beskikbaar te stel.
- die bestaande skewe balansstaat van boere, wat by wyse van spesiale maatreëls herstel kan word, bv deur
 - finansiële bestuursopleiding te verskaf;
 - boere aan te moedig om aktief aan studiegroepe deel te neem rakende finansiële bestuursinligting en -bestuur;
- om groter mate van gebeurlikheidsbeplanning (bv versekering) aan te moedig;
- die verandering van sekere strukture met verloop van tyd (bv uitskakeling van marginale gebiede).

Die Jacobs-komitee is tans veral op kort termyn gerig. 'n Strategieser langtermyn- en gekoördineerde benadering kan 'n besondere bydrae onder die snel veranderende omstandighede lewer.

Marginale saastreke: Struktuuraanpassing

Die *riskantheid van die saabedryf* in marginale streke is veral deur die droogte beklemtoon. Die *veefaktor* kan egter 'n besonder stabiliserende uitwerking hê deur 'n aanpassing van boerderystelsels. Dit sal meebring dat die oorbruggingsperiode, nuwe kapitaaluitleg, sowel as bestaande skuldias by só 'n onttrekkingskema in ag geneem moet word.

Plase wat uitverkoop word

Die hantering van plase wat uitverkoop word en wat onversorg agtergelaat word, verdien aandag. Daar moet aanvanklik eerder gepoog word om die bestaande eienaar sover moontlik op die plaas te hou. As dit onsuksesvol is, behoort finansiële bystand (met die regte tipe finansiering) aan medeboere wat finansiëel gesond is, verleen te word sodat hulle hierdie plase kan aankoop. Verder word daar voorgestel dat die koöperasie/handelsbanke/Departement van Landbou/Landbank 'n eenvormige strategie toepas rakende die hantering van boere voor sekwestrasie, en ook dat 'n register gehou word van plase wat onbewoon en onbewerk agtergelaat word.

Hantering van risiko's

'n Effektiewe alomvattende oesversekeringskema word ondersteun, wat op 'n sakegrondslag bedryf word, en waarteen oeste met berekenbare en differensieerbare risiko's verseker kan word.

Verbetering van bestuursvermoë

Formele en informele opleiding kan op 'n gekoördineerde grondslag deur die staat, koöperasies en handelsbanke aan boere op tegniese, sowel as finansiële bestuursvlak gebied word.

Skewe verdeling van inkomste

Maatreëls wat op die herstel van die landbou gerig is, behoort ingestel te word op die behoud en oorlewing van die boer van middelgrootte, deur onder meer hulpmaatreëls vir konsolidasie, verbeterde opleiding, voorligting en inligtingsdienste te bied.

Sanksies

Effektiewe teenstrategieë rakende sanksies sal vereis dat sekere wetgewing hersien moet word om groter plooibaarheid, veral in landbou-uitvoerbedrywe, moontlik te maak. Skeppende bemarking sal noodsaaklik wees.

Voorstelle vir moontlike oplossings deur die boer self

Voorstelle wat betrekking het op die finansiering van die Suid-Afrikaanse boer, sal hier veral gemik word op wat die boer vir homself in sy situasie kan doen. Alhoewel die Staat, koöperasies en handelsbanke 'n redelike bydrae kan lewer tot die verligting van die knelpunte vir die boer, is die boer in baie groot mate in die toekoms op homself aangewese om sy finansiële posisie te herstel. Die voorstelle word derhalwe in drie komponente verdeel, naamlik:

- Ekonomiese riglyne;
- Finansiële dissipline;
- Finansiële strategieë.

Ekonomiese riglyne

Ondersoek bedryfstakke krities

Selfs vanuit 'n finansieringsoogpunt, is dit noodsaaklik dat die boer elke bestaande bedryfstakkombinasie en produksietegniek op sy plaas ondersoek. Hy moet alle onekonomiese en riskante vertakings en produksietegnieke uitskakel, en die korrekte produksiestelsels daarstel in verhouding tot sy natuurlike hulpbronne en beperkings.

Produksiepotensiaal van die plaas

Die boer moet hom vergewis van die produksiepotensiaal van sy plaas. Dit behels onder meer volledige grond- en hulpbronklassifikasie. Boere is ook besig om geleidelik weg te beweeg van die 'maksimum opbrengs: maksimum wins'-sindroom sodat daar na optimum wins en nie na maksimum wins nie, gestrewe word.

Produksiestrategieë

Wisselvallige klimaatstoestande dikteer ook plooibare produksiestrategieë, veral in die geval van ekstensiewe beesvleisgebiede.

Finansiële dissipline

Gebruik van vreemde kapitaal (optimale finansiële struktuur) (Louw (1986) (a))

Daar word tradisioneel aanvaar dat die koste van die kapitaal van die ondernemer minder is as die geleende kapitaal. Aangesien die eie kapitaal egter die risikodragende kapitaal van die onderneming is, regverdig dit 'n risikopremie. Die omvang van vreemde en eie kapitaal word bepaal deur die risikovoorkere en impak van die hefboom op die riskantheid van die eie kapitaal van die ondernemer en die lener se skuld. Hoe hoër die risiko-geneigdheid, hoe groter behoort die omvang van eie kapitaal in die onderneming te wees.

Gegewe die wisselende inkomelvlakke van die boerdery en die relatief hoë rentekoste, is dit nogtans noodsaaklik dat 'n boerdery-onderneming minstens, selfs in die swakste jare, sy renteverpligtinge nakom. Dus, hoe groter en gereelder hierdie wisselings en hoe hoër die rentekoste is, hoe laer is die skuldslasvlakke wat die landbou kan handhaaf.

Gegewe die besigheids- (droogte) en finansiële risiko's (rentekoerse) waarin die boerdery hom bevind, behoort daar 'n relatief konserwatiewe finansieringsbeleid gevolg te word.

Die boer moet ook poog om kredietreserwes daar te stel (met ander woorde ongebruikte krediet in verhouding tot sy toegelate limiet). So 'n kontantkussing (kredietreserwe) sal die boerdery se plooibaarheid verhoog, die boer groter beweegruimte gee en sy risiko verlaag.

Finansiële beleid

Basiese finansiële beleid van die boerdery-onderneming behoort kortliks op die volgende gegrond te wees:

- Die termyn van krediet wat opgeneem word moet ooreenstem met die leeftyd van die bate.
- Die boer moet in swak jare minstens sy renteverpligtinge kan nakom.
- Die betaling van paaiemente moet sinchroniseer met kontantontvangstes.
- Kontantbestuur is 'n noodsaaklike deurlopende bestuursaktiwiteit op die plaas.
- Kontant- en kapitaalreserwes behoort deel te vorm van die boer se risikoprogram.
- Krediet moet beplan word en in verhouding tot terugbetaalvermoë opgeneem word.

Kredietrantsoenering

Die boer moet besef dat krediet skaars is en dat skaars krediet volgens die winsgewendste alternatief aangewend moet word. Krediet is uit winste en in kontant betaalbaar en mag nie by wyse van addisionele krediet-opneming, wat elders verkry is, betaal word nie. Dit is vir die boer dus noodsaaklik om sover moontlik sy eie kontant- en kredietreserwes op te bou en homself te rantsoeneer met betrekking tot krediet.

Aankoop van kapitaaltoerusting

Boere moet sover moontlik poog om verdere kapitaaltoerusting (indien dit bekom móét word) by wyse van tweedehandse toerusting te bekom of selfs kontrakteurs oorweeg.

Kostebeheer

Kostebeheer is 'n belangrike voorvereiste vir winsgewendheid sowel as oorlewing. Daarom behoort die boer oor voldoende inligting te beskik om die belangrikste koste-areas en hul samestellings op sy plaas te identifiseer.

'n Bepaalde kostebesnoeiingsprogram kan daargestel word, wat nie produksie sal beïnvloed nie, maar wat tot gevolg sal hê dat elke uitgawe wat nie inkomste genereer nie, uitgeskakel word. Sodanige kostebesnoeiingsprogram behoort uiteindelik ten doel te hê om die inkomste: uitgawe-verhouding op die plaas te verbeter.

Persoonlike uitgawebeheer

Dit is krities noodsaaklik dat die boer moet kan vasstel wat sy huishoudelike uitgawes is sodat hy daarop kan bespaar.

Kontant

Kontantbeplanning waarvolgens die boer sy kontantinkomstes- en -uitgawes, sowel as kontantsurplusse en -tekorte kan beplan, is noodsaaklik. Sodanige kontantbeplanning dien as waarskuwingsmeganisme vir die boer en stel hom in staat om krisisse tydig te vermy, kredietonderhandelinge aan te gaan en finansiële beheer en dissipline daar te stel. Die boer moet beseef dat kontant skaars is en dat 'n kontantvloeibegroting as 'n baie nuttige bestuurshulpmiddel op die plaas aangewend kan word.

Kredietwaardigheid

Die boer moet poog om sy eie kredietwaardigheid te verhoog en te bemark by wyse van ondersteunende prestasie op tegniese, ekonomiese en finansiële vlak. Sy vlak van finansiële bestuur, en sy vermoë om besigheids- en finansiële risiko's te dra, sal deurslaggewend wees. Terselfdertyd sal kredietverskaffers waarskynlik in die toekoms ook op rekeninge van gehalte ingestel wees.

Finansiële beplanning by herstel (strategieë)

Persoonlike doelwitstelling

Wanneer die alternatiewe voorstelle vir herstel deur 'n boer oorweeg word, behoort hy te kan bepaal wat sy persoonlike doelwitte is. Binne die raamwerk van daardie doelwitte kan moontlike oplossings gevind word. Daarom is dit noodsaaklik dat die kort-, medium- sowel as langtermyn doelwitte vooraf opgestel, gekwantifiseer, en geprioritiseer word.

Indien 'n boer byvoorbeeld die boerdery sou wou verlaat, sal dit in groot mate 'n funksie wees van sy arbeidsmobiliteit (kwalifikasies, ondervinding, ensovoorts).

Konsolidasie van skuldvas

Die boer kan poog om veral die korttermyn gedeelte van sy bestaande skuldvas oor 'n periode te laat herskeduleer en dan op 'n gereelde grondslag afkortings op sy rekening te maak. Dit impliseer dus 'n reëlmatige delging van skuld en 'n langer terugbetaalperiode.

'n Tweede alternatief is om die bestaande skuldvas van verskillende krediteure te konsolideer by een krediteur (bv die Landbank) en die skuld dan oor 'n langer periode terug te betaal. Die sukses van hierdie oplossing word bepaal deur die sekuriteitsposisie van elke krediteur.

Uitstel van uitgawes

As 'n boer hom in 'n finansiële krisis bevind, kan hy poog om met sy krediteure te onderhandel ten einde sekere kapitaal- en renteverpligtinge later na te kom. Terselfdertyd kan daar gepoog word om nuwe investerings uit te stel en ook om op sekere produksiekoste terug te sny. Verder behoort uitgawes met inkomstes gesinchroniseer te word.

Die afverkoop van oortollige bates vir skulddeiging

Alhoewel hierdie as 'n baie traumatiese oplossing gesien kan word, kan dit in die geval van 'n werklike krisissituasie as 'n konsolidasiefase op die plaas gesien word, waarna daar weer gesond voortgebou en geboer kan word.

Dit is noodsaaklik dat 'n formele inventaris, wat uit kort-, medium- en langtermynbates bestaan, opgestel word. Daar moet onderskei kan word tussen die noodsaaklike en minder noodsaaklike bates op die plaas en dié wat moontlik in kontant omskep kan word. Dit kan verder ook meebring dat sekere grond afverkoop moet word ten einde die druk van krediteure te verminder. By hierdie verkoopalternatief moet daar egter in gedagte gehou word dat sodanige vermindering of afverkoop van bates, 'n wesentlike effek op produksievermoë kan hê.

Krediet onder toesig

Krediet onder toesig beteken dat die boer wat finansiële probleme ondervind, vooraf die nodige kontantvloeibeplanning doen en hom noukeurig onder toesig van sy krediteure by daardie beplanning hou. Dit kan tot gevolg hê dat sy kredietverskaffers toenemend intensiewe betrokkenheid oor die finansiële aangeleenthede van sy onderneming kry.

Bestuur van inligting

Soos veranderinge in die omgewing en op die gebied van tegnologie plaasvind en die foutgrense waarin beweeg word al kleiner word, is 'n groot hoeveelheid akkurate en onmiddellik beskikbare inligting nodig. Die tydnut van inligting sal waarskynlik in die toekoms al groter word. Daarom moet 'n bestuursinligtingstelsel op 'n makro- en mikrovlak daargestel word om die boer (adviseur en beleidmaker) in sy besluitneming te kan ondersteun (Louw (1986) (b)).

Die rekenaar moet as 'n werklike besluitnemingshulpmiddel gebruik kan word en nie slegs as 'n instrument om inligting mee te versamel nie. Die boer moet met eie data en parameters verskillende strategieë kan evalueer om besluitneming te vergemaklik.

Risikobestuur

Risikobestuur behels die identifisering en evaluering van risiko's en die keuse van die voordeligste metode om dié risiko's te minimaliseer. 'n Risikobestuurprogram moet die nodige tyd gegun word om suksesvol te wees. Dit bring dikwels onvermydelike koste mee. Vanuit 'n finansiële oogpunt is die doel egter om die doeltreffendste ewewig tussen risikobeheer, selfbefondsing (eie retensie) en versekering te vind.

As gevolg van huidige marktoestande en fluktuierende rentekoerse, het boere deesdae met groter onstabieleit en onsekerheid te kampe as vroeër. Droogtes vergroot hierdie onstabieleit nog verder.

Opleiding

Die aard en kompleksiteit van boerderybestuur vereis 'n groter interdisiplinêre en dinamieser benadering. Landboubeleid, -bemarking, strategiese bestuur en risikobestuur sal deel vorm van die boer se omgewing. Boerderybestuursopleiding moet daarom 'n groter klem plaas op finansiële- en bemarkingsbestuur.

Slot

Alhoewel die landbou in Suid-Afrika onder groot finansiële druk verkeer, is daar vir baie boere herstelpotensiaal. Dit sal egter 'n funksie wees van makrobeleid (eksterne faktore) sowel as die boer self.

Betreffende die toekoms, is dit duidelik dat boere se winsmarges kleiner sal word, dat risiko-marges groter sal word en dat toenemende druk op oordeelkundige kontantbestuur gelê sal moet word. Gevolglik is 'n hoë vlak van inligtings-, risiko- en kontantbestuur noodsaaklik en die boer sal hom toenemend moet kan instel op die bestuur van verandering. Kennis van sy onderneeming rakende die tegniese, ekonomiese- en finansiële komponente, gerugsteun deur 'n konserwatiewe benadering ten opsigte van sy finansiële bestuur, sal in die toekoms noodsaakliker word.

Verwysings

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING, 1987. Kortbegrip van Landboustatistiek.

LOUW, A., 1986 (a). Enkele Ekonomiese Realiteite in die Landbou, *Ekonomiese Soeklig, Volkskas, Maart 1986*.

LOUW, A., 1986 (b). Veranderinge in Boerdery- en Finansiële Bestuur: Implikasies vir die toekoms. Referaat gelewer by LEVSA-kongres, Durban, Mei 1986.

SENTRALE STATISTIEKDIENS (1986).